**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2013

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | Taal (VRAAG 3, 4 en 5) | (40) |

2. Lees AL die instruksies baie goed.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: ARTIKEL**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## PRAKTIESE EKSAMENWENKE IN SPELETJIEVORM

Voor elke eksamen sê jou ouers en onderwysers gewoonlik vir jou dat jy hard moet studeer, gesond moet eet en ontspan.

Maar hoe doen jy dit? Hier is ŉ hele klomp praktiese wenke wat jou sal help om die eksamen speel-speel te slaag.

**BEGIN**

**1.**
### SPRING SÓ WEG!

**Werk hard:**
Almal wil jou laat glo dat daar niks moeiliker as matriek is nie. Dis nie die volle waarheid nie! As jy hard werk, kan jy suksesvol wees.

**Maak tyd om te ontspan:**
Monitor jou stres, rus genoeg en ontspan as die studies vir jou te veel raak.

**Stel jou plan van aksie op:**
Stel ŉ hersieningsprogram op en bly daarby. Stel vir jou daaglikse doelwitte om te bereik.

Niemand kan jou so goed help soos jyself nie!

**2.**
### GLO IN JOUSELF!



As jy in jouself glo, sal jy jou studies met vertroue aanpak en dan kan jy die eksamenmonster maklik oorwin.

**3.**
### BLY POSITIEF!

**Dink jy voor ŉ eksamen jy is nie goed genoeg nie?**

Skakel daardie negatiewe stemmetjie af!

**Uit met:**
- Ek het nie hard genoeg geleer nie!
- Ek is dom!
- Ek gaan druip!

**In met:**
- Ek het gedoen wat ek kon!
- Ek werk hard!
- Ek ken die werk!
- Ek gaan my bes doen!
- Ek gaan sukses behaal!

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**4.**

## HET JY GEWEET?

As jy jou brein wil stimuleer, moet jy ’n kombinasie van proteïene, koolhidrate en vet eet, byvoorbeeld ’n appel en kaas
**of**
brood met ham en kaas.

**5.**

## DRINK GENOEG WATER!



Moenie jou brein laat uitdroog nie. Drink baie water wanneer jy leer – dan dink jy helderder en dan stres jy minder.

Navorsing het bewys net 1 glas water voor ’n toets laat ’n mens 33% beter vaar.

Moenie net op water staatmaak nie. Jy het ook breinkos nodig ...

**6.**

## BREINKOS

As jy moeg voel, drink ’n melkdrankie wat bestaan uit:

1 koppie melk
1 koppie gemengde bessies
1 teelepel heuning

Gee jou brein woema met ’n handvol amandels, neute, sonneblomsade en gedroogde appels wat jy orals in ’n sakkie saam met jou kan neem.

**7.**

## STUDEER SÓ:

Moenie té lank intensief studeer nie, want dit is uitputtend vir jou brein. Leer eerder in kort sessies. Jou brein sal op hierdie manier meer inneem.

**8.**

## KRY GENOEG SLAAP!



Moenie dink dit sal jou help as jy dwarsdeur die nag studeer nie.

’n Leerder moet ten minste agt uur per nag slaap.

**9.**

## OEFEN!

Oefen jou handspiere gereeld om krampe te voorkom. Net soos enige spier in jou lyf, het jou handspiere ook oefening nodig. Deur die regte oefeninge te doen, kan jy jou handspiere sterk hou.



Oefening is ook goed as jy voel jou kop wil bars. Doen byvoorbeeld tien opstote of gaan stap om die blok.

**10.**

## ASEMHALING

Wanneer jy studeer of eksamen skryf, is diep asemhaling belangrik.

Onthou hierdie oefeninge wat jou sal help:

- Sit jou hand op jou maag, haal diep asem en asem dan stadig uit.
- Voel die asemhaling onder in jou maag.
- Doen dit omtrent tien keer of totdat jy ontspanne voel.

Diep asemhaling is soos ’n energiedrankie vir jou lyf en brein!

**Sug van verligting.** As jy ’n paar keer na mekaar diep sug, sal jy dadelik ontspan. Só sal jy beter kan konsentreer, alle feite onthou en ’n goeie eksamen beleef.

**11.**

## IN DIE WARM STOEL!

**Die vraestel lê oop voor jou, maar jy dink jy verstaan nie die vraag nie.**
Jou brein staan stil. Wat nou?
Haal ’n paar keer diep asem, lees die eksamenvraag oor en oor. Maak ’n paar notas om jou brein te aktiveer en kom later terug na die vraag toe. Moenie by een vraag vashaak nie!

**PROBEER OOK DIE VOLGENDE:**
**Onthou.** Los die negatiewe gedagtes.

**Ontspan.** Sit agteroor. Haal ’n paar keer diep asem. Maak jou oë toe en fokus op jou asemhaling totdat jy kalmer voel.

**Probeer weer.** Probeer weer die vraag as jy rustig is of kom later terug na die vraag toe. Bly kalm en jy sal onthou wat jy geleer het. Motiveer jouself en sê: “Een klein vragie gaan my nie laat moed opgee nie!”

**12.**

**Tot siens, stres**

**Hallo, sukses!**

**EINDE!**

[Verwerk uit: http//www.jip.co.za]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.1 Noem TWEE wenke wat ouers en onderwysers gewoonlik voor 'n eksamen vir jou gee. (2)

1.2 Hoe kan jy die eksamenmonster maklik oorwin? (Blokkie 2) (1)

1.3 Wat is die ooreenkoms tussen 'n eksamen en 'n **monster**? (1)

1.4 Noem EEN spesifieke ding wat jou negatiewe stem vir jou sê. (Blokkie 3) (1)

1.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

"Ek gaan sukses behaal!" (blokkie 3) beteken dat jy ...

A positief oor jouself voel.
B te veel van jouself dink.
C twyfel of jy suksesvol gaan wees.
D wonder of jy suksesvol gaan wees. (1)

1.6 Een glas water voor 'n toets laat 'n mens 33% beter vaar. (Blokkie 5)

1.6.1 Is die stelling 'n FEIT of 'n MENING? (1)

1.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.6.1 deur DRIE opeenvolgende woorde uit blokkie 5 aan te haal. (1)

1.7 Wat is die rede vir die gebruik van die stippels aan die einde van blokkie 5? (1)

1.8 Sê wat die woord "**woema**" (blokkie 6) beteken. (1)

1.9 Sê watter effek elk van die volgende studiesessies op die brein het:

1.9.1 'n Lang, intensiewe studiesessie (1)

1.9.2 'n Kort studiesessie (1)

1.10 Leerders moet genoeg slaap. (Blokkie 8)

1.10.1 Hoeveel uur per nag word as "genoeg slaap" vir leerders beskou? (1)

1.10.2 Waarom vorm die prentjie 'n kontras met die stelling? (1)

1.11 Waarom moet jy jou handspiere gereeld oefen? (1)

1.12 Watter "energiedrankie" het jou lyf en brein tydens studie nodig? Haal TWEE opeenvolgende woorde uit blokkie 10 aan. (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.13 "In die **warm** stoel!" (Blokkie 11)

1.13.1 Word die woorde "**warm** stoel" LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

1.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.13.1 deur te verduidelik wat in hierdie konteks met **warm** bedoel word. (1)

1.14 Waarom is dit effektief om 'n artikel in hierdie vorm aan te bied? (1)

1.15 Hoekom, dink jy, verskyn daar jaarliks soveel artikels oor eksamenwenke in die media? (1)

eduresourceza.com



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## TEKS B: SENSUS

Bestudeer die statistiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.


### BEHUISING



| FORMEEL | INFORMEEL | TRADISIONEEL | ANDER |
|---|---|---|---|
| 77,6% | 13,6% | 7,9% | 0,9% |

### ELEKTRISITEIT


Die toename in die persentasie huishoudings wat elektrisiteit gebruik




**2001–2011**




### WATER



**73,4%**
Soveel mense het lopende water uit krane in hulle wonings.



**17,9%**
Soveel mense moet water by krane buite hulle wonings gaan haal.



**8,8%**
Soveel mense het geen toegang tot lopende water uit krane nie.

Daar is **1,2 miljoen** huise landwyd sonder toegang tot lopende water.

### WERKLOOSHEID

**NASIONAAL**
**29,8%**




**48,6%**
Werkloos




**17,4%**
Werkloos

**PROVINSIAAL**

**LIMPOPO**

**38,9%**
Hoogste

**WES-KAAP**

**21,6%**
Laagste

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 15 November 2012]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.16 Watter woord beskryf die soort huis waarin die meeste Suid-Afrikaners woon? (1)

1.17 Hoekom word 'n vraagteken gebruik om aan te dui waar 0,9% van die mense woon? (1)

1.18 Wat impliseer die pyltjie in die gloeilamp? (2)

1.19 Watter persentasie van Suid-Afrika se mense hoef nie hulle water huis toe te dra nie? (1)

1.20 Hoeveel huise in die land is sonder lopende water? (Nie persentasie nie) (1)

1.21 Hoekom word **koeke** gebruik om die verskillende ouderdomsgroepe aan te dui? (1)

1.22 Watter provinsie het die grootste werkloosheidsprobleem in Suid-Afrika? (1)

1.23 Waarom is die gebruik van prentjies in hierdie sensusartikel so effektief? Gee TWEE redes. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: MAAK NUWE VRIENDE!

In die artikel hieronder word wenke gegee oor hoe om nuwe vriende te maak. Lees hierdie artikel aandagtig deur. Voer dan die instruksies hieronder uit.

### INSTRUKSIES

1. Som die sewe **wenke** in SEWE sinne op.
2. Skryf die feite PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C: MAAK NUWE VRIENDE!

Dit is nooit maklik om nuwe vriende te maak nie. Hier is ŉ paar praktiese wenke wat jou kan help.

Jy moet uitgaan om nuwe vriende te ontmoet, want as jy net voor die televisie sit, sal jy nie vriende ontmoet nie. Sluit by klubs op jou tuisdorp aan waar daar ander mense is wat jou belangstellings deel.

Reis laat nuwe wêrelde vir jou oopgaan. Deur vreemde plekke te besoek, sal jy ook nuwe vriende ontmoet. Beweeg ŉ bietjie uit jou gemaksone en doen nuwe dinge, soos om kursusse by te woon. Daar kan jy met nuwe vriende in aanraking kom.

Registreer op een van die sosiale netwerke op die Internet en ontmoet só nuwe vriende. Wees net baie versigtig om nie by die verkeerde mense betrokke te raak nie.

As jy vreemde mense raakloop, begin jou gesprek met ŉ kompliment oor iets positiefs wat jy in ŉ ander persoon raaksien. Alle mense hou daarvan om gekomplimenteer te word.

ŉ Mens wil so graag ontvang, maar dit is eers wanneer jy gee dat jy die grootste vriende sal maak. En wat moet jy gee? Jou tyd, jou energie of jou aandag. Dit hoef nie materiële dinge soos duur geskenke te wees nie.

As jy positief is, trek jy mense na jou toe aan. Niemand hou van negatiewe mense nie. Met ŉ positiewe houding sal jy nooit ŉ tekort aan vriende hê nie.

Jou vermoë om van vreemde mense vriende te maak, laat jou as mens groei en gee vir jou nuwe geleenthede om jou vriendekring uit te brei.

[Verwerk uit: www.jouwêreld.co.za]

**TOTAAL AFDELING B: 10**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

**TEKS D**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Daar is opsetlike taalfoute in die advertensie.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

(3.2) **Die <u>GOED</u> MATRIEKAFSKEID-EKSPO OOIT!**



(3.7) **TOEGANG GRATIS**

**'n Ekspo waarin graad 12-leerlinge sal belangstel**

| | |
|---|---|
| 10–11 Oktober 2013 | Vodaworld Midrand |

- Vroueklere is beskikbaar.
- (3.3) Klere vir mans is ook beskikbaar.
- Motors te huur
- (3.4) Ons bespreek hare en skoonheid.
- Danslesse kan gereël word.

(3.5) ***Beeld*** **reël <u>wonderlik</u> aktiwiteite by die ekspo:**
- **'n Modeskou**
- (3.6) **'n Lewendige <u>show</u> deur VONK**

(3.8) **Kan jy pryse wen? JA ...**
- JJ Schoeman sal 'n rok ter waarde van R15 000 maak.
- Grimering word gratis gedoen.
- 'n Naweek by die see

Vir meer inligting gaan na <u>www.matriekekspo.co.za</u>.

Leon Mare – Organiseerder – 011 404 1503/JJ Schoeman – 011 713 9046

**Beeld**

(3.9) Jou wêreld. Jou koerant.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 23 Februarie 2012]

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.1 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)

3.2 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die onderstreepte woord in die opskrif van die advertensie. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Die <u>goed</u> matriekafskeid-ekspo ooit! (1)

3.3 Gee EEN WOORD vir die beskrywing tussen hakies. Skryf slegs die antwoord neer.

(Klere vir mans) is ook beskikbaar. (1)

3.4 Skryf die sin in die lydende vorm.

Ons bespreek hare en skoonheid. (1)

3.5 Gee die KORREKTE VORM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

*Beeld* reël <u>wonderlik</u> aktiwiteite by die ekspo. (1)

3.6 Kies die korrekte AFRIKAANSE WOORD vir die onderstreepte woord.

ŉ Lewendige <u>show</u> deur VONK.

A skou
B ekspo
C aktiwiteit
D vertoning (1)

3.7 Hoekom trek die inligting "toegang gratis" dadelik die leser se aandag? (1)

3.8 Verander die VRAAGSIN in die advertensie na ŉ STELSIN.

Kan jy pryse wen? (1)

3.9 Waarom gebruik *Beeld* die woord "jou" in die slagspreuk "Jou wêreld. Jou koerant"? (1)

3.10 Hoekom is dit effektief om verskillende lettertipes in die advertensie te gebruik? (1)
**[10]**



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

### TEKS E

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.




[Uit: *Beeld*, 15 November 2012]

| |
|---|
| In hierdie strokie is Hägar se vrou, Helga, besig om met haar dogter te praat terwyl sy werk. |

4.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die antwoord neer.

Helga (stereotipeer/manipuleer) mans as sy sê dat daar 'n vrou agter elke suksesvolle man is. (1)

4.2 Kies 'n woord uit die blokkie om die sin korrek mee te voltooi. Skryf slegs die antwoord neer.

| |
|---|
| kwaad; skaam; verbaas |

In raampie 1 kan ons duidelik uit die meisie se gesigsuitdrukking aflei dat sy ... is. (1)

4.3 Wat kan jy uit raampie 2 aflei oor die feit dat die meisie met haar hande agter haar rug staan? (1)

4.4 Skryf die sin hieronder oor en vervang die onderstreepte voegwoord met DAAROM.

Helga werk 24 uur per dag <u>en</u> sy is 'n voorbeeld vir haar dogter. (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.5 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Sy werk 24 uur per dag. (1)

4.6 Kies die woord wat die volgende VASTE UITDRUKKING korrek voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Hägar se vrou swoeg en ... heeldag om haar man gelukkig te maak.

A wroeg
B sweet
C ploeg
D meet (1)

4.7 Gee die ANTONIEM van die onderstreepte woord. Skryf slegs EEN woord as antwoord neer.

Die boodskap van die strokie is dat Hägar <u>suksesvol</u> sal wees as sy vrou nie agter hom staan nie. (1)

4.8 Voltooi die sin deur te verwys na wat jy in raampie 2 kan **sien**. Skryf die sin oor.

In raampie 2 kan 'n mens sien dat die klere nog nat is, want ... (1)

4.9 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

In die strokie probeer Hägar se vrou vir die jong meisie 'n (lewe + les) leer. (1)

4.10 Hoekom word 'n uitroepteken in raampie 2 gebruik? (1)
**[10]**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

### TEKS F

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

(5.1) **INTERESANTE FEITE OOR HONDE EN KATTE**

(5.2) *Johnna Rizzo het dierenavorsing gedoen.* (5.3) *Sy het gesê dat diere die wonderlikste onderwerp is om te bestudeer.*

Honde gaap om snaakse redes, (5.4) byvoorbeeld omdat hulle gespanne of opgewonde is.

Laika was die eerste hond wat ŉ (5.5) reis na die ruimte onderneem het.

ŉ Sint Bernard-hond, met die naam Barry, het glo in sy lewe meer as 40 mense se (5.6) lewens gered.

(5.7) Honde drink soms water uit toiletbakke.

(5.8) Die water in toiletbakke bly koel **as** die water in hulle bakke.

Honde kan nie soos katte agteruit teen (5.9) boom afklim nie.

Dit is net ŉ mite dat katte by die huis sal bly as jy botter aan hulle pote smeer. (5.10) Iemand moet hierdie mite glo.

(5.11) ŉ Kat se hart klop twee keer vinniger as ŉ mens s'n.

(5.12) Selfs klein katte se oë het drie ooglede elk.

(5.13) ŉ Kaliko-kat is byna altyd ŉ wyfie.

[Verwerk uit: *Kids*, Julie 2011]

5.1 Verbeter die SPELFOUT in die opskrif. Skryf slegs die korrekte spelling as antwoord neer. (1)

5.2 Skryf die sin oor in die LYDENDE/PASSIEWE vorm.

Johnna Rizzo het dierenavorsing gedoen. (1)

5.3 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

Sy het gesê dat diere die wonderlikste onderwerp is om te bestudeer. (2)

5.4 Skryf die onderstreepte woord as ŉ AFKORTING neer. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Honde gaap om snaakse redes, <u>byvoorbeeld</u> omdat hulle gespanne of opgewonde is. (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

5.5 Laika was die eerste hond wat ŉ **reis** na die ruimte onderneem het.

Gebruik die HOMOFOON **rys** in ŉ goeie sin sodat die betekenis duidelik blyk. Skryf jou eie sin volledig uit. (1)

5.6 Skryf die onderstreepte woord in LETTERGREPE neer.

ŉ Sint Bernard-hond, met die naam Barry, het glo in sy lewe meer as veertig mense se lewens gered. (1)

5.7 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Honde drink soms water uit toiletbakke. (1)

5.8 Gee die VERGROTENDE TRAP van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Die water in die toiletbakke bly koel as die water in hulle bakke. (1)

5.9 Gee die MEERVOUD van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Honde kan nie soos katte agteruit teen boom afklim nie. (1)

5.10 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Iemand moet hierdie mite glo. (1)

5.11 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.

Moenie bekommerd wees as jou kat se hart twee keer vinniger as joune klop nie.

**Skryf die hele sin oor en begin só:** Jy HOEF NIE bekommerd ... (1)

5.12 Gee die VERKLEININGSVORM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Selfs klein katte se oë het drie ooglede elk. (1)

5.13 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

ŉ Kaliko-kat is byna altyd ŉ wyfie. (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**PRENT**

**TEKS G**

Die taalvrae wat volg, is op die prent hieronder gebaseer.




[Uit: *Vrouekeur,* 6 November 2009]

Gebruik die woorde in die lys hieronder en voltooi die sinne (5.14–5.19).

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| almanak; | muurprop; | bottoe; | meisies; | besem; | pikswart; |
| muisies; | deurknop; | soplepel; | blikkie; | vloer; | stoofplaat |

5.14 Die kombuis is vol ... (1)

5.15 Die teëls van die kombuisvloer is ... (1)

5.16 Die drie laaie is ... sodat daar niks kan inklim nie. (1)

5.17 Op die ... is daar 'n prent van 'n groot, vet kat. (1)

5.18 Die ketel is ingeprop by die ... (1)

5.19 Gebruik die onderstreepte woord as 'n VOORSETSEL in 'n sin. Skryf jou eie sin volledig uit.

Die koppie hang aan sy <u>oor</u> onder die een kas. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**


Downloaded from eduresourceza.com